

# HOËRSKOOL ROODEPOORT



## EKSAMENREËLINGS – NOVEMBER EKSAMEN 2018

### LOKAALTOEWYSING

<u>LOKAALVERDELING VIR SENIOR FASE</u>						
REGISTERKLAS	LOKAAL	AANTAL		REGISTERKLAS	LOKAAL	AANTAL
8A1	K27	23		9A1	K118	9
8E1	K28	34		9E1	K118	34
8E2	K29	37		9E2	K111	34
8E3	K125	36		9E3	K112	35
8E4	K126	34		9E4	K114	35
8E5	K128	35		9E5	K115	28
8E6	K129	37		9E6	K116	31
8E7	K25	30		9E7	K16	29

<u>LOKAALVERDELING VIR FET FASE</u>			
<u>LOKAAL</u>		-	<u>KAPASITEIT</u>
SAAL			200 (onder); 60 (galery)
KAMER 20	K20		70
STUDIELOKAAL	K14		40
DISSIPLINÊRE LOKAAL	K12		25
Ander lokale	Soos gereël deur onderwysers		Vir praktiese eksamens, ens.

# Eksamenreëlings –November Eindexamen 2018

## Gr 8 - 11- Leerders

- Daar word voorsiening gemaak vir Gr 8 - 11-leerders om by die skool te studeer. Dui asseblief op die onderstaande afskeurstrokie aan indien u u kind skool toe gaan stuur op dae wat hy/sy **nie** 'n vak skryf nie. Alle leerders wat by die skool studeer op dae wat hulle nie skryf nie, moet daagliks voor **Kamer 14** aanmeld om 07:30.
- Dae wat leerders die eerste sessie skryf, moet hulle alreeds om 07:30 by die skool wees om by hulle toegewysde lokale aan te meld. Alle eksamenlokale sal teen die aanspeldborde op die terrein vertoon wees. **LEERDERS MAG NIE LAAT WEES NIE.**
- Indien u u kind om 11:30 kom afhaal na afloop van die sessie, sodat hy/sy by die huis kan studeer, moet u dit asseblief op die afskeurstrokie aandui, anders word daar van u kind verwag om tot 13:00 by die skool te studeer. Graad 8- tot 11 - leerders wat nie 11:30 huis toe kan gaan nie, moet om 12:00 by Kamer 14 aanmeld waar daar weer presensie gehou sal word.
- **ALLE LEERDERS WIE SE BLOKTYD WEENS DISSIPLINÊRE REDES TERUGGETREK IS, MOET DAAGLIKS OM 7:30 BY KAMER 12 AANMELD EN TEENWOORDIG BLY TOT 11:30, VIR DIE VOLLE DUUR VAN DIE EKSAMEN.** Jy sal slegs verskoon word uit die detensielokaal om geskeduleerde eksamens in eksamenlokale te skryf.  
Enige leerder wat hom / haar aan ernstige dissiplinêre oortredings in 'n eksamenlokaal skuldig maak, se bloktyd sal teruggetrek word en die leerder sal vir die res van die Novembereksamens Detensieklas in K12 moet bywoon. (Sien vorige punt).
- **GEEN LEERDERS WORD TYDENS SESSIES OP DIE TERREIN OF BY DIE SNOEPIE TOEGELAAT NIE – ALMAL IS IN LOKALE.**
- **GEEN BALSPELETJIES WORD VIR DIE DUUR VAN DIE EKSAMEN BY DIE SKOOL TOEGELAAT NIE**

### DUUR VAN EKSAMENSESSIES

- **Sessie 1** : 07 :30 – 11:30  
**Sessie 2** : 12: 00 – Einde van die vraestel
- **GEEN SELFONE of SLIMHORLOSIES SAL IN LOKALE TOEGELAAT WORD NIE.** Leerders kan dit wel by die toesighouer ingee, maar dit is op eie risiko. **LEERDERS IN DIE STUDIEKOKALE MOET ASSEBLIEF OOK HULLE FONE INGEE.**
- **SLEGS GELDIGE DOKTERSBRIEWE / KLINIEKBRIEWE / BEGRAFNISBRIEWE** sal as verskoning vir afwesighede aanvaar word. Dit moet by me. Greyling by Ontvangs ingehandig word.
- Indien 'n leerder met 'n wettige doktersertifikaat / kliniekbrieff / begrafnisbrief nie 'n vraestel afgelê het nie, moet hy / sy 'n siekte-eksamen skryf. Dit is sy / haar verantwoordelikheid om met die betrokke vakonderwyser 'n gepaste datum te reël. Indien die leerder versuim om dit te doen sal n nul-punt vir die betrokke vraestel toegeken word.
- **GEEN SKRYFBEHOEFTE OF SAKREKENAARS** mag tydens 'n skryfsessie uitgeleen word nie.
- Leerders moet notas en opsommings saambring om by die skool te studeer, dit sal in die eksamenlokaal geberg word wanneer die eksamen begin.
- **Volle skooldrag is verpligtend vir die volle duur van die eksamen.** Indien 'n leerder nie aan die voorkomsregulasies soos voorgeskryf in die Dissiplinêre Kode van Hoërskool Roodepoort uiteengesit is nie, sal die leerder een skriftelike waarskuwing ontvang en daarna toegang tot die eksamenlokaal geweier word totdat aan die voorkomsregulasies voldoen word.
- Geen water, koeldrank of kos word in die eksamenlokaal toegelaat nie. Indien u kind 'n ernstige mediese probleem het, word 'n mediese brief van 'n dokter vereis.
- **Geen leerders sal toegelaat word om in die kantoorblok te skryf nie.**

- **DIE EKSAMENROOSTER IS FINAAL SAAMGESTEL EN GOEDGEKEUR DEUR DIE ONDERWYSDEPARTEMENT EN ONGELUKKIG MAG ONS ONDER GEEN OMSTANDIG-HEDE DAARVAN AFWYK NIE, GEEN VRAESTELLE KAN OP ANDER TYE GESKRYF WORD NIE.**
- Leerders moet asseblief handboeke op die laaste dag van elke vraestel per vak inhandig soos op die eksamenrooster aangedui. GEEN 2019-handboeke mag aan leerders gegee word indien 2018-handboeke nie ingehandig is nie. **DIE HANDBOEKSTORE SAL OP GEEN ANDER TYE OOP WEES NIE.**
- **Rapporte word op Woensdag, 12 Desember 2018 vanaf 8:30 tot 11:00 in die voorportaal van die grootsaal afgehaal. Daarna sal dit by ontvangs beskikbaar wees. Geen rapport sal oorhandig word indien 'n leerder se handboeke uitstaande is nie.**
- **Op Woensdag, 12 Desember 2018 hoef leerders nie skool by te woon nie. Hulle kan slegs hulle rapporte vanaf 8:30 tot 11:00 kom afhaal.**

**Handboeke: Inhandiging en reëlings**

- ❖ Alle graad 8 – 11 handboeke word aan die begin van die sessie in die eksamenlokaal ingehandig.
- ❖ Indien jy meer handboeke wil ingee, wag asb. totdat almal met enkel handboeke klaar gehelp is.
- ❖ **Maak asb. seker dat die personeel wel die handboeke wat jy ingee, afmerk. Indien jy 'n handboek ingee wat nie afgemerk word nie, gaan JY dit in die stoor kom soek op JOU tyd.**
- ❖ Indien al jou handboeke klaar ingegee is, maak seker dat jy 'n bewys ontvang – hierdie bewys word weer die dag as jy jou 2019-handboeke kom haal, getoon.
- ❖ **Handboeke wat verlore is, moet by die finansiële kantoor betaal word en die kwitansie moet dan as bewys van betaling ingegee word.**
- ❖ Moet asseblief nie wag totdat jy klaar eksamen geskryf het om jou handboeke in te gee nie. Baie keer het jy dan 1 of 2 handboeke vergeet en die stoor gaan nie op spesiale tye oopmaak om jou agterlosgheid te akkommodeer nie.
- ❖ Maak asseblief seker dat jy al jou handboeke uit alle klaskamers verwyder is, voordat die eksamen begin.
- ❖ **MOET ASSEBLIEF NIE BOEKE OP DIE DAG WAT RAPPORTE AFGEHAAL WORD, KOM INGEE NIE. Geen boeke sal op die dag aanvaar word nie!**

Baie dankie vir u samewerking.



Mnr TJ. Smuts  
Eksamenkommissaris



Mnr. T. Bisschoff  
Eksamenkommissaris



Mev M van der Merwe  
Hoof

---

## **Afskeurstrokie: Eksamenreëlings November 2018**

---

**Vul asseblief in en stuur voor of op 26 Oktober 2018 terug skool toe.**

Ek/Ons \_\_\_\_\_ ouers/voogde van \_\_\_\_\_ in

Graad \_\_\_\_\_ / \_\_\_\_\_ neem kennis van die brief aangaande die November 2018-eindeksamen.

**Omkring die opsies asseblief:**

- a) Ek / Ons stel die skool in kennis dat ons / my kind om 11:30 na die afloop van die eerste sessie sal kom haal, sodat die leerder by die huis kan studeer.
- b) Ek / Ons stel die skool in kennis dat ons / my kind tot 13:00 by die skool moet studeer.
- c) Ek / Ons stel die skool in kennis dat ons / my kind die skool sal bywoon op dae wat hy / sy nie 'n vraestel skryf nie.

\_\_\_\_\_  
Handtekening:Ouer

\_\_\_\_\_  
Telefoonnommer:Ouer